Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 24 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 22 SEPT 2026



OKT **2** MATRIEKAFSKEID

JF-JPBOTHA ATLETIEK **17**

24 VAT VLAM

Volg JF SOSIALE MEDIA

op Facebook @JFAmptelik


op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik


#DROOMGROOTDROOMJF


www.jf.co.za

2026 Oktober



MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG	SONDAG
5	6 SKOOL BEGIN	7 **Koshuis: Kersete**	8 **Matriek: Groetaand**	9 **Saal: Matriek laaste dag.** **VRL-kamp / Landsdienskamp / Voortrekkers vlotkamp**	10	11
12	13 **MATRIEK: Eksamen RTT PRAKTIES**	14	15	16	17 **Atletiek: JF – JP Botha byeenkoms**	18
19 **Fotodag 1**	20 **18:00 - Prysuitdeling by Doxa Deo**	21 **Netbal: Aandliga** JF FJ	22	23 **Kerssangdiens**	24 VAT LAM	25
26	27	28 JF FJ	29	30 **Voortrekkers Prysuitdeling**	31	











UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En so het ons aan die einde van die rekordeksamen gekom en skielik is die derde kwartaal net ‘n gedagte… Ek hoop dat elke leerder die kort vakansie terdeë sal geniet en die vierde kwartaal met nuwe energie en entoesiasme sal aanpak.

Daar is heelwat vakansie-aktiwiteite wat gaan plaasvind, onder andere die kriekettoer na Mosselbaai, die JF-toer na Mpumalanga en omgewing, die 0/17-netbalspan se deelname aan die Nasionale Fast 5 toernooi in Boksburg, en Vrydag 2 Oktober 2026 die matriekafskeid van hierdie jaar. Daar vind ook akademiese intervensie plaas, byvoorbeeld die graad 12- Fisiese wetenskap Lenteskool. Behalwe vir die leerders se betrokkenheid, ‘n groot woord van dank aan elke onderwyser vir al die werk agter die skerms en om die leerders hierdie wonderlike geleenthede te bied. Dit word opreg waardeer en gaan nie ongesiens verby nie.

Die Wesgrow Sentrale Skole Sportreeks het uitsonderlike prestasies opgelewer deurdat JF aangewys is as die topskool in seunshokkie en ook as die algehele beste hokkieskool in die reeks. JF se netbal behaal ‘n uitstekende eerste plek, wat met Sentraal gedeel word. JF eindig algeheel in die tweede plek van die Wesgrow reeks in 2026. JF is dus die beste seuns- en beste hokkieskool sedert die ontstaan van die reeks in 2018! #TrotsJF

Hier is sommer net ‘n bietjie perspektief oor die omvang van die Wesgrow Sentrale Sportreeks. Ongeveer 350 leerders per skool neem per naweek aan die reeks deel. 8 skole is betrokke en daar word op 28 internaweke meegeding. Daar is 101 netbalspanne, 80 hokkiespanne en 72 rugbyspanne betrokke en die getal leerders wat deelneem is ongeveer 707 netbal-, 1080 rugby- en 1280 hokkiespelers. Die massadeelname, wat een van die hoofdoelstellings van die reeks is, slaan ‘n mens se asem weg.

Een van die vele hoogtepunte van die afgelope kwartaal was die JF sportdag
(7’s rugby, en Fast 5 hokkie).
Baie dankie aan elke onderwyser, leerder, ouer en die breë JF-gemeenskap. Jul positiewe gesindheid en ondersteuning is ‘n riem onder die hart en dien as motivering om weer sulke byeenkomste in die toekoms aan te bied.


Baie geluk aan elke leerder wat verkies is om deel te wees van die rasieleiers, koshuisleiers en die skool se VRL vir 2027. Ons land het desperaat dienende leiers nodig, rolmodelleiers wat hoop gee. Ek wil glo dat julle elkeen die geleentheid sal aangryp om as mens jul Godgegewe talente verder te ontwikkel en JF tot hoër hoogtes te lei. Nogmaals baie geluk!

Die BL is tans besig om die begroting van 2027 te finaliseer. Kyk gerus uit vir inligting wanneer hierdie begroting vir insae by die kantoor beskikbaar sal wees, en dan nooi ek u om sommer voortydig uit na die begrotingsvergadering wat op 29 Oktober 2026 gaan plaasvind.

Hierdie kwartaal se uurglas het teen ‘n geweldige spoed uitgeloop, en alhoewel elke oomblik nie noodwendig maanskyn en rose was nie, verkies ek om perspektief te behou en die glas eerder halfvol as halfleeg te sien.

Neem asseblief kennis van die belangrike datums vir die komende tydperk tot in die vierde kwartaal. Sodra ons die nodige inligting ontvang van die department, sal die die eindeksamenrooster van die graad 8 – 11 aan u deurgegee word. Die matrieks begin amptelik met hul nasionale eindeksamen op Maandag, 12 Oktober 2026.

‘n Laaste gedagte vir hierdie kwartaal:



Vriendelike JF-groete
Henri Wilken

Baie Geluk



21 jaar TROTS

Annemarie Malan

met u
aanstelling as

ADJUNKHOOF
DEPARTEMENTEEL

Baie Geluk



29 jaar TROTS

Marisa Smit

met u
aanstelling as

ADJUNKHOOF
BEHEERLIGGAAM

Finansies:

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om die beste moontlike opvoeding vir u kinders te verseker.
U skoolfondsbetalings help ons om die gehalte van onderrig,
aktiwiteite en hulpbronne by die skool te handhaaf.

Graad 8 – 11:
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Graad 12:
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Skool se bankbesonderhede:
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is reeds aangetoon op u staat vanaf 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel ‘n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie. Let asseblief daarop dat aansoeke om kwytskelding nie hanteer gaan word waar dokumente en inligting uitstaande is nie.

Agterstallige skoolfonds:

Die skool het begrip dat onvoorsiene omstandighede/uitdagings soms ontstaan. Ons versoek u egter om pro-aktief en betyds met die skool kontak te maak vóórdat u rekening agterstallig raak. Die skool poog werklik om onnodige en duur regsaksies te vermy en versoek u om direk met die skool ‘n redelike en aanvaarbare reëling te tref.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op ‘n gereelde basis op die Karri-toep gelaai.
Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen ‘n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

Beskrywing	Sperdatum vir betaling
Konsessiefooie	30 September 2026
Atletiek : Grey-Oranje Inskrywingsgeld vir Top 20	30 September 2026

Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za

Hoërskool

Jim Fouché



JF / JP BOTHA ATLETIEKBYEENKOMS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

17 Oktober 2026

Hoërskool Jim Fouché

BIED AAN

VAT LAM

Die Piesangskille

24 ORT 2026



HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ SPORTGRONDE

VOLWASSENES: R 150
LEERDERS: R 100
VOORSKOOL: GRATIS

Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket

- Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar - INGANG in WILDEALS STRAAT.
- Sangkompetisie begin om 17:00
- Piesangskille begin om 19:00
- Braaivleisvure
- Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
- Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- Pretpark vir kinders

KONTAK MERICE 063 202 6387 bemarking@jf.co.za


MA`S WAT OMGEE
MAAR HOE SAL HULLE HOM AANROEP AS HULLE NIE IN HOM GLO NIE?
EN HOE SAL HULLE IN HOM GLO AS HULLE NOG NOOIT VAN HOM GEHOOR HET NIE?
EN HOE SAL HULLE VAN HOM HOOR SONDER DAT DAAR IEMAND IS WAT DIE BOODSKAP BRING?
ROM. 10:14



#JFbid

Beste ouers,
Kom bid saam vir ons
kinders en ons skool.
Tyd:
Woensdae
07:30 – 08:00
Plek:
JF-Konferensielokaal

VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

LENTE: ’N NUWE SEISOEN, ’N NUWE BEGIN

Lente is hier! Die son begin warmer skyn, bome kry nuwe blare, blomme verskyn en die wêreld kry weer kleur. Lente herinner ons ook aan iets belangriker as net ’n verandering in die weer: ’n Nuwe seisoen beteken ’n nuwe geleentheid. Dit geld ook vir ons lewens.

’n “Nuwe seisoen” kan beteken dat jy besluit om jou akademie ernstig op te neem, ’n moeilike vriendskap agter jou te laat, beter keuses te maak of weer in jouself te begin glo. Jy is nie vasgevang in gister nie. Een van die grootste foute wat ons maak, is om te dink dat gister bepaal wat môre gaan gebeur. Miskien was jou punte nie wat jy gehoop het nie. Miskien het jy ’n fout gemaak, ’n verhouding verloor, teleurgesteld geraak of voel jy dat jy nie aan ander se verwagtinge voldoen nie. Dit is belangrik om verantwoordelikheid te neem vir ons keuses, maar ons hoef nie vir altyd deur ons verlede gedefinieer te word nie. Jy hoef nie jou hele lewe in een dag te verander nie. Soms begin ’n nuwe hoofstuk met een klein besluit. Hier volg ‘n paar praktiese idees om ‘n nuwe seisoen te begin:



1. Laat gaan wat jou terughou.
Nie alles wat met jou gebeur het, verdien ’n plek in jou toekoms nie. Leer uit jou foute, vergewe waar nodig en besluit wat jy nie langer saam met jou wil dra nie.

2. Kies een of twee dinge waarop jy wil fokus.
Jy hoef nie skielik perfek te wees nie. Miskien is jou doel om elke dag jou huiswerk te doen, jou selfoon tydens studietyd weg te sit, meer te oefen of beter te slaap.

3. Moenie wag om gemotiveerd te voel nie.
Motivering kom dikwels ná ons begin, nie vóór nie. Begin klein. Een bladsy. Een taak. Een gesprek. Een beter keuse.

4. Omring jouself met mense wat groei aanmoedig.
Die mense rondom jou beïnvloed jou denke, keuses en selfbeeld. Kies vriende en rolmodelle wat jou help om die beste weergawe van jouself te wees.

Jy hoef nie alles uit te sorteer nie. Jy hoef nie jou hele toekoms vandag te ken nie. Begin net waar jy is. Maak een goeie keuse. Neem een positiewe stap. Probeer weer. ’n Nuwe seisoen verander nie noodwendig alles rondom jou nie – maar dit kan die begin wees van ’n verandering binne jou.

Die mense rondom jou beïnvloed jou denke, keuses en selfbeeld



Dankbaarheids-Donderdag 6

Nader aan God

Vanoggend is vir eers die laaste keer wat ons oor dankbaarheid gesels. Die res van die derde kwartaal fokus ons weer op die ander JF-waardes waarna dankbaarheid weer in kwartaal 4 volg.

Ons leef in 'n tyd waar mense dikwels fokus op wat hulle nog wil hê eerder as om te let op wat hulle reeds ontvang het. Ons raak vinnig gewoond aan seëninge en begeer dan weer iets anders. Dit is belangrik om gereeld stil te staan en te let op die maniere waarop God in ons lewens werk.

As ons terugkyk op die vorige kwartaal en op die vakansie, sal ons talle redes vind om God te dank. Miskien het Hy jou beskerm in 'n situasie waarvan jy nie eens bewus was nie. Vir almal van ons om veilig terug by die skool te wees na die vakansie, is genade en rede tot groot dankbaarheid! God se hand is dikwels meer sigbaar wanneer ons terugkyk as wanneer ons vorentoe kyk.

Dankbaarheid verander ons perspektief. As ons fokus op God se seëninge, verloor negatiewe gedagtes hulle mag oor ons harte. Dit beteken nie dat ons probleme oornag verdwyn nie, maar dit laat ons in vertroue eerder as in vrees leef.

In Psalm 118 vers 24 verklaar Dawid: "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en dankbaar wees!" Dit is elke dag jou eie keuse of jy dankbaar of ondankbaar wil leef. Wat kies jy?

"Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en dankbaar wees!"

Hemelse Vader, ons kom erken vandag dat ons nie naastenby dankbaar genoeg is nie. Ons kla soms oor die kleinste dingetjies wat nie na ons sin is nie. Ons kom bely ons ondankbaarheid en vra dat U ons daarvoor sal vergewe. Maak ons dankbare mense, asseblief Here. In U heilige naam vra ons dit.
Amen.

God se hand is dikwels meer sigbaar wanneer ons terugkyk as wanneer ons vorentoe kyk.



HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

VRL 2027

Saai om te oes



Marizé Opperman



Frans Human



Emmerike van Niekerk



LJ Cromhout

Graad 9



Marla Kruger



Ivan van Tol



Franzelle Barnard



Zyden Hercules

Graad 10



Nicole van Schalkwyk



Tristan Aucamp



Lienke Kolver



Christoff Steyn

Graad 11

VRL 2027

Saai om te oes

Graad 12



Liz-Marie Loretz



Malan Bekker



Louzelle Badenhorst



Dewan Booysen



Lana van Schalkwyk



Jean-Louis Ceronio



Karmen Strauss



Werleo Deetlefs

Graad 12

Rizé Bierman



Joran Jacobs



Lin-Mari van Zyl



Wessel Lombard



Maruné Dreyer



Christiaan Jacobs



Martsó Horn



Ruan Kleyn



Marli Niemand



Josua Deacon



Carla Bastone



Franco de Necker





Jomari Siebert



Eben Sander



Miené Spies



Jandré Spies



Chenique Erasmus



Hanro Snyman



Leané Stockenström



Duane van der Walt

BAIE GELUK

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

HUIS Anton van Wyk

LEIERS 2027

Hoofleier



Musa Radiophani
Matriek 2027

Hoofleier



Ruben Swartz
Matriek 2027

Hoofleier



Mienken Coetzee
Matriek 2027

Hoofleier



Kobus van der Merwe
Matriek 2027

Hoofleier



Sumari Oostuizen
Matriek 2027

Hoofleier



Izak Richter
Matriek 2027

Hoofleier



Lin-Mari van Zyl
Matriek 2027

Hoofleier



Johannes de Klerk
Matriek 2027

Graadleier



Zeldrè Calitz
Graad 9 2027



Deacon Meyer
Graad 9 2027



Franzelle Barnard
Graad 10 2027



Diaan Liebenberg
Graad 10 2027



Viccy
Graad 11 2027



PN Roux
Graad 11 2027

RASIELEIERS

2027



HORST WEYERS
DAVID STRAUSS
JAYDEN PIETERSE
RUAN KRUGER
MARUNÉ DREYER
JAMÉ CLAASSEN
MIENÉ SPIES
CHRISLEE WHEELER

KARMEN STRAUSS
ZEKE CLOETE
WERLEO DEETLEFS
LOURENS COETZEE
JARETH SCOTT
CARLA BASTONE
CHENIQUE ERASMUS
NADIA BREDENKAMP

#trotsJF

Matrikulant van die jaar

Hoërskool

Jim Fouché

Matrikulant van die jaar

Die Universiteit van die Vrystaat en Novus Media se 45ste Matrikulant van die Jaar-kompetisie het vandag sy topgroep bekendgemaak.

Melani Slabbert is onder die 11 semifinaliste wat kwalifiseer vir prysgeld en studiebeurse wat deur die kompetisie se borge moontlik gemaak word.

Baie geluk, Melani!



#trotsJF

Kultuur

NASIONALE FINALE
Redenaars

Die volgende leerders neem in September en Oktober aan verskeie nasionale finale deel.



Joah de Villiers
18 Sep.: Kansvatter redenaars
19 Sep.: Interskole redenaars



Jacobus Lourens
8-10 Okt.: Oppie Tong af (Onvoorbereid en Goue Tong)



Nicole van Schalkwyk
17 Okt.: Radikale redenaars: Voorbereide redenaars



Ansje Bekker
19 Sep.: Interskole redenaars



Hannes Deacon
8-10 Okt.: Oppie Tong af (Onvoorbereid en Goue Tong)



Marla Kruger
17 Okt.: Radikale redenaars: Voorbereide lees

Baie sterkte!!!

#trotsJF


Kultuur

VISUELE KUNSTE

GOUDVELD-HOËRSKOOL TAAL- EN KUNSTEFEES







Hailey Vos: A++
Tessa Pieterse: A+
Marlé van Wyk : A+
Louzé Barnard: A+
Micah Dale: A
Melani Slabbert: A++
Nina Smit: A++
Marlene van der Merwe: A+



Nina Smit is ook as 'n kategoriewenner aangewys.

Baie geluk!!!

#trotsJF

Kultuur

LANDSDIENS

JF-Koringare het van 26 tot 29 Junie die Provinsiale Landsdienskamp by Drakensville bygewoon.

Die volgende leerders is vir die nasionale kamp verkies:

Gr. 8 tot 10 - Meisies:
Jessica Neuhoff (gr. 10)


Jessica Neuhoff

Gr. 8 tot 10 - Seuns:
Markus Annandale (gr. 9): Junior kampleier van Vrystaatspan
Jared du Plessis (gr. 8)


Markus Annandale


Jared du Plessis

Gr. 11 tot 12 - Seuns:
AJ Annandale (gr. 11): Senior kampleier van Vrystaatspan
Eben Smit (gr. 11)


AJ Annandale


Eben Smit

#trotsJF

Vrystaat Landsdiens
wens vir
AJ Annandale
geluk met sy
Springbok-toekenning.



Baie geluk AJ!

Jou geloof, harde werk en toewyding het jou tot hier gebring.

We are proud of you for your perseverance and commitment to Land Service

August 2026

Photos Provincial camp 2026

Issue #05

Congratulations to everyone that has been invited to attend the National camp in 2026

































Sport



ATLETIEK

BAIE GELUK

ANRI RAUTENBACH
FRANZELLE BARNARD

Baie geluk aan Anri Rautenbach en Franzelle Barnard, wat op 2 September aan die *COSSASA Games* in Zimbabwe deelgeneem het.

Albei atlete het in die o.18-hoogspring deelgeneem: Anri Rautenbach behaal 'n 1ste plek met 'n persoonlike beste van 1,76m.

Franzelle Barnard behaal 'n 3de plek met 'n hoogte van 1,65m.

#trotsJF

SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

EINDIG ALGEHEEL TWEEDE

HOKKIE - ALGEHELE WENNER
SEUNSHOKKIE - ALGEHELE WENNER
NETBAL - ALGEHELE WENNER (DEEL)

LIGAWENNERS:

- o. 19 C-netbal
- o. 17 A-netbal
- o. 15 C-netbal
- o. 19 B-hokkie (seuns)
- o. 16 B-hokkie (seuns)
- o. 14 A-hokkie (seuns)



skilltracer
UFS
novus
vkb
WES grow EST.1964

2026



#trotsJF

JF-FAST 5 2026

Vrystaat uitspele

O. 17-span vorder na Nasionale uitspele





17A		
Eindig algeheel 2de		
25	JF vs. Witteberg	28
28	JF vs. Sasol HS	16
30	JF vs. Goudveld	18
36	Semi-finale JF vs. Eunice	21
29	finale JF vs. Witteberg	34

15A		
Eindig algeheel 4de		
27	JF vs. Ntsu	15
35	JF vs. Wilgerivier	31
30	JF vs. Goudveld	34
23	Semi-finale JF vs. Witteberg	42
24	3de/4de JF vs. Gimnasium	35











Hokkie Fast 5 - Wenners





BUITESPORT KARATE

Cara Hoffman

Cara het van 10-13 September aan die UFAK Afrika-Kampioenskappe in Algerië deelgeneem.



Sy het in die Kadet o. 61 kg Kumite-afdeling meegeding en 'n bronsmedalje verower.

Baie geluk!!!

Katelynn Muller

Katelynn het op 5 en 6 September aan die SANIFAA Noord-Kaap Veldkampioenskap by *The Willows* in Bloemfontein deelgeneem.

Die kampioenskap is deur die *Field Hunters Archery Club* aangebied.

Sy behaal 'n eerste plek in die *Junior Female Freestyle Unlimited*-klas.




BUITESPORT BOOGSKIET

BUITESPORT TWEEKAMP

AJ Theron

AJ het op 1 September 2026 aan Suidelike Vrystaatliga 1 by Kovsies deelgeneem.

Hy het uitstekend presteer en 'n 2de plek in die Junior Mans-afdeling behaal.



Ansje Bekker

Ansje het op 22 Augustus 2026 aan die Vrystaat Gimnastiekkompetisie deelgeneem.

Sy het uitstekende uitslae behaal:

- Spronge: 3de plek
- Brug: 1ste plek
- Balk: 1ste plek
- Vloer: 2de plek
- Algeheel: 1ste plek



Ansje is ook gekies as deel van die Vrystaatspan wat van 24–27 September 2026 aan die SA Nasionale Gimnastiekkampioenskappe gaan deelneem.

BUITESPORT GIMNASTIEK

BUITESPORT TWEEKAMP

Dian Lotriet

Dian het op 14 September aan die Suid-Vrystaat Tweekampproewe by die Universiteit van die Vrystaat deelgeneem.

Dian behaal 'n 3de plek in die seuns o. 17-afdeling en is opgeneem in die Suid-Vrystaat A-span.

Hy sal die provinsie by die Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms verteenwoordig wat op 3 Oktober 2026 in Bloemfontein plaasvind.



W.J. Etsebeth

W.J. het op 29 Augustus aan die Vrystaat Kampioenskappe in Bothaville deelgeneem.

Hy behaal die volgende uitslae:

- o. 17-Vrystyl : Goue medalje
- Junior Presidente: Silwer medalje



BUITESPORT STOEI

KULTUUR DANS

Carla Smit

Carla het op 28 en 29 Augustus 2026 aan die SADTA Vrystaat Provinsiale Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem.



Sy behaal **vyf eerste** plekke in die volgende afdelings:

- *16/17 Premier Championship Freestyle Solo*
- *16/17 Premier Championship Slowdance*
- *17/20 WTC Disco Slowdance*
- *17/20 WTC Disco Solo*
- *17/O WTC Disco Small Group*

Carla vertrek op 6 September na Swede, waar sy as deel van die Protea-span by die 2026 *IDO Disco* Dans Wêreldkampioenskappe sal deelneem.

JF-AKADEMIE

Nautilus Wiskunde



Ajay Benson

Baie geluk aan Ajay Benson, graad 10, met sy 3de plek by die 3de Nautiluskamp van die jaar.

Oester F
Die storie agter die stories
Volg ons op



JF VS GREY: WIE SÊ DIS VERBY?

Skrywer:
Adéle Pienaar

As jy op 3 Augustus 2026 langs die hokkieveld gestaan het, sou jy dalk vibreer het van opgewondenheid, maar ook 'n tikkie spanning. Want JF se eerste span het teen Grey in die halfeindstryd gespeel, en met Grey se sterk geskiedenis in sport het niemand geweet wat om te verwag nie.
Een ding was egter seker: Hierdie was nie 'n wedstryd waar jy rustig kon sit en kyk nie.

Die wedstryd het 1 elk geëindig, wat beteken het dat die spanne na 'n 8 second shootout moes gaan. Vyf spelers van elke span is gekies, en die spanning het vinnig begin opbou. JF het twee van hul vyf kanse benut, terwyl Grey een gewen het. Toe die skeidsregter aankondig dat JF gewen het, het almal gedink dit is verby.
Toe nou nie.

Grey se afrigter het daarop gewys dat daar nog een van hul spelers was wat moes gaan. So, net toe almal begin feesvier, moes die spelers weer terug veld toe. Grey het 'n punt aangeteken, en die telling was 2–2. Nou was dit 'n sudden-death shootout. Die spanning was nou op 'n heel ander vlak.

Eben Sander het vorentoe gestaan en met groot vernuf JF op die voorvoet gesit, wat beteken dat Grey hul volgende een móés aanteken om in die wedstryf te bly. Almal het gewag. Niemand wou eers asemhaal nie. Gelukkig was Wessel Lombard in die doelboks …Toe kom die oomblik — Grey kry nie die doel nie, want, soos lank daarna nog deur die gange van JF weerklink het: "Wessel is 'n monster!"

Die fluitjie blaas, en JF wen!
Wat daarna gebeur het, was amper net so goed soos die oorwinning self. 'n Groen golf het op die veld afgestorm. Spelers en ondersteuners het mekaar omhels, geskree en die oomblik saam gevier.

Want hierdie was geen gewone oorwinning nie. Vir die eerste keer in die skool se geskiedenis, het JF daarin geslaag om vir Grey in 'n halfeindstryd te klop.

En alhoewel JF ongelukkig nie die eindstryd gewen het nie, kan niemand wegvat wat hulle in die halfeindstryd reggekry het nie. Dit was intens, dit was 'n bietjie van 'n emosionele rollercoaster, en vir almal wat daar was, was dit 'n voorreg om deel van die geskiedenis te word.
Sommige wedstryde eindig wanneer die fluitjie blaas. Ander word 'n storie waaroor nog lank om braaivleisvure gesels sal word.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

Oester F

Die storie agt stories

Volg ons op







MELODRAMA





Bekyk nog foto's op

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

Oester F

Die storie agte

Volg ons op



MELODRAMA











Bekyk nog foto's op

https:..www.jfoester.co.za.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

Oester-F

Die storie agter die st

Volg ons op



MELODRAMA







Hoërskool Jim Fouché

JF, meer as net 'n skool, dis 'n leefwyse!

VAKANTE BETREKKING:
AFRIGTING: NETBAL

JF IS OP SOEK NA DINAMIESE, GEMOTIVEERDE EN ENERGIEKE NETBALAFRIGTERS WAT KAN VOORTBOU OP DIE HUIDIGE NETBALKULTUUR EN PRESTASIES BY DIE SKOOL.

KANDIDATE MOET 'N CV
E-POS AAN: sport@jf.co.za




HEG BEWYSE VAN NODIGE KWALIFIKASIES AAN.
ALLE DOKUMENTE MOET GESERTIFISEER WEES.

DIENSAANVAARDING: ONDERHANDELBAAR
SLUITINGSDATUM: 30 SEPTEMBER 2026

VAKANTE BETREKKING:
AFRIGTING: HOKKIE

JF IS OP SOEK NA DINAMIESE, GEMOTIVEERDE EN ENERGIEKE HOKKIE-AFRIGTERS WAT KAN VOORTBOU OP DIE HUIDIGE HOKKIEKULTUUR EN PRESTASIES BY DIE SKOOL.

KANDIDATE MOET 'N CV
E-POS AAN: sport@jf.co.za



HEG BEWYSE VAN NODIGE KWALIFIKASIES AAN.
ALLE DOKUMENTE MOET GESERTIFISEER WEES.

DIENSAANVAARDING: ONDERHANDELBAAR
SLUITINGSDATUM: 30 SEPTEMBER 2026

Hoërskool Jim Fouché

JF, meer as net 'n skool, dis 'n leefwyse!

VAKANTE BETREKKING:
AFRIGTING: KRIEKET

JF IS OP SOEK NA DINAMIESE, GEMOTIVEERDE EN ENERGIEKE KRIEKETAFRIGTERS WAT KAN VOORTBOU OP DIE HUIDIGE KRIEKETKULTUUR EN PRESTASIES BY DIE SKOOL.



KANDIDATE MOET 'N CV
E-POS AAN: sport@jf.co.za

HEG BEWYSE VAN NODIGE KWALIFIKASIES AAN.
ALLE DOKUMENTE MOET GESERTIFISEER WEES.

DIENSAANVAARDING: ONDERHANDELBAAR
SLUITINGSDATUM: 30 SEPTEMBER 2026

VAKANTE BETREKKING:
AFRIGTING: RUGBY

JF IS OP SOEK NA DINAMIESE, GEMOTIVEERDE EN ENERGIEKE RUGBYAFRIGTERS WAT KAN VOORTBOU OP DIE HUIDIGE RUGBYKULTUUR EN PRESTASIES BY DIE SKOOL.



KANDIDATE MOET 'N CV
E-POS AAN: sport@jf.co.za

HEG BEWYSE VAN NODIGE KWALIFIKASIES AAN.
ALLE DOKUMENTE MOET GESERTIFISEER WEES.

DIENSAANVAARDING: ONDERHANDELBAAR
SLUITINGSDATUM: 30 SEPTEMBER 2026



Hoërskool Jim Fouché

GHOLFDAG

22 SEPT '26

BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB

Dankie aan die borge van die dag

AVIS | CAR SALES

BLOEMFONTEIN
051 409 9732
Aviscarsales.co.za

STONEY'S
Wheel & Tyre

iclix
digital defined

KONICA MINOLTA

3S
SINCE 1923

FREE STATE APPAREL

BRENDZ AUTO
BUY AND SELL QUALITY USED VEHICLES

NASHUA

FAW

THE BUFFALO
EST. 2020

Dankie aan die borge van die dag

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

Embroidery UNLIMITED

Famous Brew & Still

BILTONG 4 US

BARRELS EST. 2023

WIMPY

OFM

Dankie aan die borge van die dag



UFS

IN VERITATE SAPIENTIAE LUX

QS 3 GROUP

Sleewijk BlouSter
Finansiële Adviesdienste
gemagtig deur Sanlam

@THE PARKWHEELS
WHEELS · TYRES · BATTERIES

BOSSA 3 GOODTIMES
HANDMADE IN CAPETOWN

THE Range Golf SHOP

SONVANGER
B&B

Airborne at Emoya

Hollard.

ICE MAN

House & Home
Fleurdal mall



AVIS | CAR SALES

YOUR NEXT DRIVE STARTS HERE.



Whether you're heading to the golf course or wherever the road takes you, find a quality pre-owned vehicle you can trust at **Avis Car Sales Bloemfontein.**

QUALITY VEHICLES | TRUSTED BY GENERATIONS | PEACE OF MIND GUARANTEED | SERVICE YOU CAN COUNT ON

051 409 9731

www.aviscarsales.co.za

QUALITY. VALUE. CONFIDENCE.

STONEY'S
Wheel & Tyre

At Stoney's Wheel and Tyre we stock a wide selection of wheels and tyres to cater for your every possible need.

WE OFFER THE BEST PRICES ON LEADING BRANDS.



- TYRES
- MAGS
- SHOCKS
- BRAKEPADS
- EXCELLENT
  IN-HOUSE SAVINGS PLAN

DRIVE IN. DRIVE OUT.

QUALITY YOU CAN TRUST!

118 OLIVER TAMBO DRIVE
051 448 7400

55 ZASTRON STREET
051 001 1048

Dankie dat u die dag saam met ons geniet het!



Sien u weer in 2027!

NUUT



kombers

BESTEL & BETAAL OP KARRI

130 X 150 CM

karri
POWERED BY NEDBANK

R390

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

PRYSUITDELING

2026

DAGBOEK DIE DATUM

DINSDAG
20 OKT
DOXA DEO
17:30 VIR 18:00

Bestel en betaal op Karri

karri

POWERED BY NEDBANK

HET JY AL JOU NUWE JF-PIN?



R80